

# KOERSVAS

Uitgawe 13 Jaargang 1 19 April 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### **Dubbele standaarde**

*Hierdie redaksioneel is 'n verwerkte weergawe van 'n artikel wat op 12 April uitgestuur is. In Koersvas 12 het dr Otto sH lidmate en ampsdraers wat steeds in die NHKA is, uitgenooi om 'n beplanningsessie by te woon. Die gedagte was om leiding te gee aan gemeentes met die opstel van beskrywingspunte vir die 70e AKV. Die Moderamen het fel hierop reageer: "Die Moderamen het met skok en teleurstelling kennis geneem van 'n oproep aan sogenaamde "sH gemeentes wat nie onafhanklik gaan word nie maar na die 70e AKV toe gaan" en "individue wat graag sekere sake aanhangig wil maak" om 'n beplanningsvergadering by te woon wat "uitsluitlik ten doel [het] om die sake van belang in beskrywingspunte te verwoord". Die byeenkoms vind boonop plaas onder die leiding van iemand wat op omstrede manier as predikant en lidmaat van die Hervormde Kerk bedank het en as sodanig niks met die Hervormde Kerk of die AKV te doen het nie. So 'n georkestreerde byeenkoms van 'n drukgroep wat uitdruklik wil poog om die verloop en uitkoms van die AKV te beïnvloed, is lynreg in stryd met die kerklike vertrekpunt dat 'n vergadering van die ampte besluite*

*biddend onder leiding van die Woord en Gees neem na oorweging van al die inligting tot beskikking van die vergadering. Dit is ten diepste net so 'n onkerklike manier om die vergadering te manipuleer as om vooraf lysies van kandidate vir verkiesing tot die Kommissie van die AKV op te stel en te sirkuleer. Die Moderamen doen 'n ernstige beroep op alle lidmate en ampsdraers om op geen wyse aan sulke onkerklike optrede deel te hê nie." e-Hervormer 11April 2013 en amptelike Omsendskrywe 7/2013. Hierdie reaksie spreek van dubbele standaarde en 'n onverdraagsaamheid ten opsigte van die behoudende stem. Aan die een kant moedig dr Wouter van Wyk lidmate aan om by sekere Kommissie-georkestreerde forums te gaan praat oor en te beplan aan die toekoms/nuwe rigting van die NHKA en dan selfs beskrywingspunte te formuleer. Die noodsaak van diepe nadenke en deelnemende denke deur elke lidmaat word bepleit. Die Colloquium van 2006 is deel van die NHKA se onlangse skaam-geskiedenis. Wat was dit anders as 'n Kommissie geskepte geleentheid om lidmate se denke in 'n voorafbeplande rigting te stuur? Nou word 'n openlike sH inisiatief kwaadwillig deur die Moderamen*

verkondig as ‘n **georkestreerde** poging deur ‘n drukgroep!

Amptelike vergaderings se biddende goedertrou word heilig voorgehou as diepe oorweging van alle inligting wat maak vir “Pouslike” kanonieke besluite. **Dit is die propagandabeeld wat voorgehou word.**

Iemand probeer die indruk laat dat hierdie mense ten diepste dink en gee voor dat dit slegs onder hulle gebed is dat die Heilige Gees leiding kom gee (hoe mensgerig/arrogant!) en dat enige persoon of aksie buite die struktuur om heen, gedoem is tot geeslose rondtasting. Soveel vir die sogenaamde evangelie van inklusiwiteit.

Die sH inisiatief word deur die Moderamen vergelyk met die opstel van lysies vir die werf van stemme vir die Kommissie. Geheime vergaderings met geheime planne en lysies was ongelukkig lankal deel van die NHKA, selfs al is dit nie regverdigbaar nie. Daarteenoor, was die steeds Hervormers byeenkoms van 13 April openlik bekend gestel met ‘n ope uitnodiging, daar was niks geheim daaromtrent nie.

Insake die lasterlike verwysing “omstrede” is die geleentheid geskep om die ware bron van omstredenheid aan te toon. Dit is goed om te sien dat die Moderamen eindelijk erken dat nie een nie, maar talle Onafhanklike predikante op omstrede manier forseer is om te bedank as werknemers van die NHKA. Die **viktimisasie, verguising en onkerkordelike heksejag** is diep in ons emosionele geheue ingebrand. Die bron van omstredenheid is met ander woorde die optrede van die KommAKV! Gaan die Kommissie nou die eerbare ding doen om hierdie predikante om verskoning te vra en hulle uitnoui om terug te keer na die NHKA? As hulle enige geloofwaardigheid het, het hulle nie ‘n keuse nie. Hoe opreg dit sal wees, is ‘n ander vraag.

Saterdag 13 April se poging is in lyn met al die sH pogings **om openlik, eerlik en**

### **opreg te handel en in gesprek te tree.**

Blykbaar is selfdink en anders dink ‘n oersonde in die voorskriftelike NHKA. Ons glo behoudende lidmate en ampsdraers het die reg om pro-aktief op te tree en te poog om die NHKA weer op die regte spoor te kry. **“Al die inligting” sluit tog sekerlik ander perspektiewe in?** Die dekreet deur die Moderamen dat hierdie byeenkoms op onkerkordelike optrede neerkom, is weer eens ‘n fantasievlug van alle waarheid ontbloot. Die **lasterlike insinuasie** dat hierdie ‘n aanslag op die 70e AKV is, **is geen Christen waardig nie.** Ongelukkig het die dekreet sommige lidmate en ampsdraers laat skrik en die vergadering moes verskuif word. Dit gaan die KommAKV aanmoedig om al hoe meer hardhandig met sH lidmate en gemeentes om te gaan.

### **NUUSBROKKIES**

- Baie geluk aan ds Arno en Sarie Nieuwhof met die geboorte van Mari-Corne. Ons bid dat julle en julle gesin die seën van die Here mag belewe.
- Die hunkering van die KommAKV na Onafhanklike gemeentes se eiendom het ‘n volgende fase bereik met die hofstukke wat by Meyerspark afgelewer is. Die KommAKV se begeerte om beslag te lê op die wettige eiendom van Selfstandige gemeentes ken geen perke nie. Die feit dat die KommAKV geen mandaat het nie en dat daar slordig met feite omgegaan word, gaan as aanklag teen die KommAKV bly staan.
- Die Komitee het by herhaling hulself beskikbaar gestel vir die proses van mediasie om die huidige onverkwiklike situasie te help ontlont. Die Komitee het ook weer laat weet dat hulle bereid is om alles op die agenda vir mediasie te plaas. Aan die ander kant wil die

KommAKV volstrek nie laat medieer oor 'n saak soos eiendomme nie. Waarom nie?

- Daar is geen twyfel by enige lid van die Komitee en ons regsvertegenwoordigers dat die eiendomme wettig die eiendom van die onderskeie Selfstandige gemeentes is nie. Die hofaansoek dat die proses wettig verklaar moet word, is immers deur die Selfstandige gemeentes gebring. Intussen het ons deernis met die klein groepie Kommissie-lojale lidmate wat in skoolsale eredienste hou. Mediasie kan dalk maak dat hulle die Selfstandige gemeentes se fasiliteite kan gebruik.

- Ds Johann Mouton se saak moes Maandag 15 April vir Arbitrasie voorgekom het. Die KVBA\* kommissaris het gekies om die gesprek weer as mediasie gesprek te hanteer. Die KommAKV word nou weer die keuse gegee om ds Mouton in die amp te herstel. Indien hulle dit nie doen nie, gaan die saak weer op die rol geplaas word vir arbitrasie.\* **Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (CCMA)** Wie betaal daarvoor en wie gaan betaal vir die bevinding?

- Die KommAKV se hoofbetoog by die mediasie was dat hulle nie die werkgewer is nie maar wel die gemeente. Hulle voer daarom aan dat hulle nie by die mediasie en arbitrasie betrokke moet wees nie; aangesien hulle nie die predikant kan ontslaan nie. Hierdie houding en benadering is tot hulle skande. Die KommAKV kan enige predikant uit die amp onthef. Geen NHKA gemeente mag 'n predikant beroep of behou wat van die amp onthef is nie. Opheffing uit die amp kom neer op ontslag van die predikant. Die gespanne verhouding wat die KommAKV met die waarheid handhaaf, is opmerklik en baie jammer.

- Hierdie naweek is daar verskeie predikante wat voor die KommAKV moet verskyn. Die meeste van die gesprekke gaan fokus op die hantering van eiendomme. Die moontlikheid dat Ordinansie 8.6 ingespan kan word, is nie onmoontlik nie.

- Sport: Marinette du Plessis, dogter van advokate du Plessis, is ingesluit in die Nasionale lewensredding span wat gaan deelneem aan die Gemenebes van Nasies Spele (Commonwealth Games). Geluk! sH Protea!

### **KENNISGEWINGS**

- **Grootvlei :** KONSERTTYD met Francois en Elizabeth Fourie op Saterdag 20 April 2013 by Grootvlei Jeugsentrum (Kerk) Prys: R50 Almal welkom. Navrae: Mandie Marais **0823875308**

- **Grootvlei :** ADAM EN MWAH : PLOT OPSKOP 31 Mei 2013 15:00 tot laat. R70.00 p/per (Kinders onder 10 gratis) Kontak nr **0828386303**

- **Premiermyn Hervormde Kerk:** Jagpakket 2013 Bestaande uit: 1 eland, 1 gemsbok, 2 rooibokke, 3 vlakvarke, 4 aande se verblyf. R100.00 per kaartjie. Navrae by Hans Esterhuizen **0845812905 / 0128115165**

- **PHD:** Premiermyn se Dorkas noui alle Damesverenigings om 'n tafel of twee te bespreek vir Dowwe Dolla Saterdag, 31 Augustus 2013. 10 dames per tafel @ R120 per persoon. Navrae by Alta: **0826821252**

Stuur u kennisgewings en nuusbroskies na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) of na [admin@steadshervormers.co.za](mailto:admin@steadshervormers.co.za) vir opname in die volgende Koersvas.